NOORD Nuus 2018

wellington-noord Geloofsgemeenskap

29 Julie 2018

koningkrykstyd

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK – EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Welkom by vandag se erediens!

Laat ons feesvier met die Ongesuurde brood van reinheid en waarheid

VANDAG SE PROGRAM

	Predikant **Ds. Francois Human**	**Orrelis** **Johann Enslin**
09:30	**Erediens**	
	Dienswerkers: Robert King en Shaun Swanepoel	
	DEUROFFER: Bediening aan Jode: Bid asb vir Ds Francois Wessels en me Cecilia Burger wat na Jode uitreik met die Evangelie, asook vir die Messiaans-Joodse gemeente Beit Ariel in Kaapstad. Messiaanse Jode is Jode wat glo dat Jesus die Messias en Here is. Hulle is Christen-Jode. Beit Ariel hou eredienste, vier Joodse feeste en leef hulle geloof uit vanuit die perspektief dat die Messias gekom het en weer kom. Bid ook vir hulle uitreik na Joodse Christene wat nie lidmate van Beit Ariel is nie en na Jode wat nie glo dat Jesus die Messias is nie.	
10:45	**Kategese**	

Baie hartlik welkom en geluk aan vanoggend se baba wat ten doop gebring word:

Niel de Witt en Loreen Bouwer-Bosch (De Witt) se dogter **Cornelia de Witt**

40 Dae boekies – 6 weke in Jesus se geselskap is beskikbaar in die kerkkantoor @ R 30 'n boekie. 40 Dae se afskop is op Sondag 5 Augustus 2018.

Wees 'n Lig vir die wêreld

Kwartaalprogram

WOENSDAG 1 AUGUSTUS 2018
Vrouediens Sameroepsters en Wyksleidsters vergader om 07:30 in die Onthaalsentrum.

SONDAG 5 AUGUSTUS 2018
40 Dae begin.

DINSDAG 14 AUGUSTUS 2018
Senior Lidmate winter-ete om 12:00 in die Onthaalsentrum.

SONDAG 19 AUGUSTUS 2018
Kategese Muntlegging.

MAANDAG 20 AUGUSTUS 2018 –
Uitvoerende Bestuur vergadering om 19:00 by die pastorie.

SATERDAG 1 SEPTEMBER 2018
Basaar! Basaar! Basaar!

SONDAG EN MAANDAG 2&3 SEPTEMBER 2018
Ringsitting te Wellington-Oos.

SONDAG 9 SEPTEMBER 2018
40 Dae afsluiting asook NAGMAAL.

SATERDAG 15 SEPTEMBER 2018
Graad 0-3 kategese uitstappie.

SONDAG 16 SEPTEMBER 2018
SANGDIENS.

MAANDAG 17 SEPTEMBER 2018
Kerkraadsvergadering om 19:00 in die konsistorie.

VRYDAG 28 SEPTEMBER 2018
Skole sluit.

Diens van Barmhartigheid

Met dié dat Loretta Jordaan wat Voorsitster vir bogenoemde Portefeulje was verhuis het is ons op soek na iemand wat bereid is om die leisels by haar oor te neem. Ons het al twee persone wat bereid is om te help, maar nie om as Voorsitster te dien nie. Dit behels die reël van drie funksies vir die senior lidmate per jaar, gelukwense met verjaarsdae, die gee van 'n kaartjie of geskenkie tydens siekte, operasies en sterftes. Partykeer sal daar ook hulp gevra word om te help met die skink van tee tydens 'n begrafnis. Kontak asb die kerkkantoor by 021 8732763 indien u kans sien om as Voorsitster te dien vir Portefeulje Diens van Barmhartigheid.

Johan Bauermeister (29) – Leana (29) – Anton van Wyk (29) – Esther Fourie (30) – Sunette Koen (31) – Renco Basson (1) – Hannes Strauss (1) – Liam Erasmus (3) – Ria Koch (3) – Gerhard Rossouw (3) – Louzanne Basson (4) – Ben Fouche (4) – Marsha (4) – Louzanne Marais (4)

Gedenkpilare

Ons is baie opgewonde oor die eerste fase se oprigting van 3 gedenkpilare in die kerk se tuin langs die konsistorie. Elke nis het plek vir twee kissies, en die koste daaraan verbonde is R2600 tot aan die einde van Desember waarna die koste sal verhoog. Indien u belangstel in die koop van 'n nis kan u dit by die kerkkantoor bespreek en betaal. Wanneer dit nodig is om gravering op die granietsteen aan te bring sal die kerkkantoor vir u die nodige reëlings tref, maar u moet die kostes vir die gravering self vereffen, aangesien dit nie by die prys van die nis ingesluit is nie.

CBMC
CBMC South Africa
Christian Businessmen's Connection
Tel: +27 (0) 21 870 1850

Preek: 22 Julie 2018 – Hoe ruik en lyk jou dankie…?

Mens raak groot met die sê van dankie en asseblief.Waaroor sal U dankbaar wees? Moet ons nie anders begin dink oor kerkwees, gesinne, huwelike ens. Ons ontvang alles elke dag. Daar was 'n koning en amptenaar. Die koning het die amptenaar se skuld afgeskryf. Net 'n paar oomblikke daarna sê dieselfde amptenaar wie se skuld afgeskryf is vir 'n man hy sal al sy skuld aan hom betaal anders gooi hy hom in die tronk.

Die koning het Sy beste vir ons gegee – hoe sê ons Dankie? Hoe lyk die wêreld? Moord, roof, brande ens. Ons het 'n plig om vir die wêreld te wys hoe Dankie lyk.

10 mense wat oppad is om dood te gaan kom wys vir die Here hoe siek hulle is. Op pad na die Here toe is hulle genees van al die sere op hul liggame. Al 10 melaatses was gesond voodat hulle by die huis aangekom het. Net een sê dankie. Hoe lyk ons Dankie regtig in ons lewe? Hoe lyk ons dankie terwyl Hermanus brand en plaasmense word om ons aangeval?

Hier is mense wat baie swaar kry. Ons elkeen het 'n ander storie, maar die Here sê ons moenie vergeet om Dankie te sê nie. Ons damme is dubbeld vol teenoor verlede jaar. Die boubedryf is op 'n laagtepunt. Hoe sê ons Dankie met hart, energie, tyd en geld? Ook die kerke se finansies trek taai.

As ons Dankie sê moet ons Dankie sê met ons tyd, talente en geld. Ons moet ons kinders leer wat beteken Dankbaarheid en Genade.

Is jy een van nege wat Dankie sê, of een van een?

Gebedsgids vir Bybelwerk – 29 Julie – 4 Augustus 2018

Roemenië: Bid vir die hersiening van die Cornilescu Bybel wat dringend voltooi moet word. Bid ook vir ons traumaprojek waardeur ons probeer om kankerleiers met die Bybel te bereik en te ondersteun. Bid ook vir ons projek om studente te help om in die lig van die Bybel na hulle gekose professies te kyk.

Estland: Bid vir ons projek om die inwoners van Estland oor die Bybel en die werk van die Bybelgenootskap in te lig. Bid veral vir ons pogings om jongmense en kinders met die Bybel te bereik.

Letland: In Letland kan leerders kies tussen Bybelonderrig en sekulêre etiek. Bid vir die nodige fondse sodat ons Bybelmateriaal kan publiseer om leerders van die belangrikheid van die Bybel bewus te maak. Bid ook vir die hersiening van die Bybel in hedendaagse Letties.

JEUG - JEUG - JEUG

MUNTLEGGING - 19 AUGUSTUS	KOFFIE EN KOEK R20 19 AUGUSTUS
GRAAD 0-3 UITSTAPPIE - 14 OKTOBER	GRAAD 4 -10 UITSTAPPIE - 20 OKTOBER

BASAAR

WELLINGTON-NOORD

1 SEPTEMBER 2018

08:00

JY SAL KOM, OF....

40 Dae!

Ons verhouding met die Here staan en val rondom Jesus se opstanding. Dit ontsluit 'n hele wêreld rondom die persoon van Jesus. Ons volg nie bloot 'n waardestelsel nie, ons is in 'n werklike lewende verhouding met díé een oor wie alles gaan. Hy is regtig híér!!! Ons kan met Hom praat, Hom hoor, Hom volg...

Ons gaan mekaar hierdie kwartaal help om die meeste te maak van hierdie onbeskryflik moontlikheid. Ons gaan nie bloot oor Hom praat nie, maar saam met hom kuier, genees, rus, leer, dien ...net soos die dissipels van ouds ...

Ons doen dit aan die hand van 'n reeks sleutelgebeure van Jesus se bestaan saam met mense vir wie Hy ook werklik is.

Week 1 Kuier - Week 2 Bid - Week 3 Genees
Week 4 Rus - Week 5 Leer - Week 6 Dien

Dissipels van Jesus laat hulle deur Hóm vorm.

Dit bring ons voor die vraag of ons genoeg met Jesus besig is? Laat ons toe dat Hy ons deur sy woorde vorm? Bestudeer ons Jesus genoeg, om deur sy ritmes verander te word?

NGK Wellington-Noord

MacCronestraat 11 – Wellington – 7655
Tel/Faks: 021 873 2763 | **Pastorie:** 021 873 2765
Bankbesonderhede: ABSA, Wellington: 430 580 019

E-pos adresse:
Francois Human: francois@wellingtonnoord.co.za
Johann Crous: crousjm@telkomsa.net
Marita Coetzee: marita@wellingtonnoord.co.za
Marius Otto: marius@wellingtonnoord.co.za
Johann Enslin: jenslin@hugenoteskool.co.za

Like **www.facebook.com/wellingtonnoord**

GAAN BESOEK GERUS ONS WEBBLAD: www.wellingtonnoord.co.za of ons **FACEBOOK-BLAD:** **www.facebook.com/wellingtonnoord**